higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5050032)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

324Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Pavlov is beroemd vir sy werk in ...

A voorwaardelike kondisionering
B operante kondisionering
C klassieke kondisionering
D opposisionele kondisionering

1.1.2 Waarnemingsleer staan ook bekend as:

A Klassieke kondisionering
B Operante kondisionering
C Modellering
D Manipulasie

1.1.3 Om ekstra werk te gee aan studente wat vergeet het om hul werkopdrag in te lewer, is 'n voorbeeld van ...

A positiewe straf
B negatiewe straf
C bestraffende kondisionering
D waarnemingsleer

1.1.4 In klassieke kondisionering staan OS vir ...

A onopsetlike stimulus
B ongekondisioneerde stimulus
C onsamehangende stimulus
D onresponsiewe stimulus

1.1.5 Om kinders aan te moedig om jou vak te geniet, behoort jy ...

A hulle te straf wanneer hulle 'n fout maak
B hulle te beloon telkens wanneer hulle 'n korrekte antwoord gee
C hulle soms met 'n beloning te verras wanneer hulle 'n korrekte antwoord gee
D hulle te ignoreer

1.1.6 Die volgende stelling beskryf gemengde leer die beste:

A Dit behels twee onderwysers wat tesame klas gee deur gebruikmaking van 'n spanbenadering.
B Dit kombineer elemente van onderrig van aangesig tot aangesig en aanlyn onderrig.
C Dit kombineer studente van verskillende graadvlakke in een klaskamer.
D Dit behels ouer studente wat jonger studente deur middel van 'n mentorskapbenadering onderrig.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 E-leer is goed vir die ...

A bestuur van interaktiewe selfstudie en tutoriale.
B vermindering van studietyd
C vermeerdering van konsultasietyd
D verbetering van leeraktiwiteite

1.1.8 Sommige voordele van e-leer is …

A dat dit nie leervoorbereiding vereis nie
B dat dit nie ’n onderwyser of instrukteur vereis nie.
C dat dit ’n kleiner geografiese gebied bereik.
D dat dit meer onafhanklike leerders in die leerproses oplei.

1.1.9 Konflik word gewoonlik veroorsaak deur ’n botsing van ...

A bande tussen mense.
B verskillende intellektuele vermoëns.
C behoeftes, waardes en belangstelling.
D vlakke van intellek tussen mense.

1.1.10 Persoonlike prestasie word bereik wanneer ...

A Mense steeds van jou praat hoewel die ryk wat jy opgebou het nie meer bestaan nie.
B ’n Situasie plaasvind waartydens iets nie na wense werk nie.
C ’n Persoon ontevrede is omdat iets nie aan sy/haar verwagtinge voldoen het nie.
D ’n Situasie uiters amusant is.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die Amerikaanse sielkundige wat selfkonsep en psigoterapie ontwikkel het, is …

1.2.2 ... verwys na ons vermoë om ons eie gedrag te organiseer en te monitor.

1.2.3 Watson, Skinner, Pavlov en Thorndike was almal …

1.2.4 ... taal verwys na fisieke gedrag, gebare, postuur en uitdrukkings om te kommunikeer.

1.2.5 ... is ’n eetversteuring wat gekenmerk word deur gewigsverlies of gebrek aan geskikte gewigstoename in groeiende kinders.

1.2.6 Stres word sowel ... as sielkundig ervaar.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 ’n ... is ’n dryfveer wat gedrag inisieer en rig.

1.2.8 ... is die verwerwing van kennis wat deur middel van elektroniese tegnologieë en media plaasvind.

1.2.9 Die gekondisioneerde stimulus wat met Pavlov se hond gebruik is, staan bekend as ... kondisionering.

1.2.10 ‘Sonder harde werk groei niks behalwe onkruid nie.’ Dit is ’n voorbeeld van ’n ... uitdrukking.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Nabootsmoorde (‘copycat killings’) is ’n voorbeeld van waarnemingsleer.

1.3.2 Gebrek aan selfvertroue verwys na mense wat toepaslike vaardighede het om baie struikelblokke in die lewe te oorkom.

1.3.3 Potensiaal verwys na iemand wat die nodige vermoëns of eienskappe het om ’n mislukking te word.

1.3.4 ‘Ek hou aan probeer selfs al is dit moeilik’ is ’n voorbeeld van ’n bevestigende stelling.

1.3.5 Selfdoeltreffende mense word deur goeie onderrigmetodes aangemoedig om te presteer.

1.3.6 Eiewaarde onder kinders word deur ontmoediging van ouers ontwikkel.

1.3.7 Volgens Maslow se behoeftehiërargie is veiligheidsbehoeftes ’n voorbeeld van fisiologiese behoeftes.

1.3.8 Gewelddadige videospeletjies word nie aan werklike aggressie gekoppel nie.

1.3.9 Selfmotivering hou jou afhanklik van onderwysers.

1.3.10 Rolmodelle is mense na wie ons opkyk as voorbeelde wat nageboots kan word.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die vermoë om emosies waar te neem, te gebruik, te verstaan, te bestuur en te hanteer	A	sosiale identiteit
1.4.2	Om iemand anders se ervarings en emosies te verstaan	B	individuele identiteit
1.4.3	Die vermoë om jou innerlike wêreld en gevoelens te verken	C	wedersydse respek
1.4.4	Persoonlike eienskappe wat ’n persoon vertoon wat deel van hul wesenlike self uitmaak	D	senu-ineenstorting
1.4.5	Verwys na ’n persoon se vermoë om selfstandig besluite te neem, te praat en op te tree	E	volwassenheid
1.4.6	Hoe jy jouself waarneem wanneer jy alleen is	F	emosionele intelligensie
1.4.7	’n Tydperk van geestesongesteldheid as gevolg van ernstige depressie	G	outonomie
1.4.8	Die erkenning dat individue waardevolle bydraes in ’n verhouding lewer	H	selfbesinning
1.4.9	Om fisiek en emosioneel ontwikkel te wees	I	empatie
1.4.10	’n Proses waarvolgens jyself, jou waardes en begrip groei	J	eiewaarde
		K	intellek
		L	intrapersoonlike intelligensie

(10 × 1) (10)
[40]

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Sipho is 'n Graad 3-leerder wie se onderwyser, mev Smith, altyd sy goeie gedrag prys, wat hom baie trots laat voel. Sipho assosieer die gedrag met lof, wat selfs verdere goeie gedrag tot gevolg het.

2.1 Verduidelik die verskil tussen *formele* en *informele* leer. (2 × 2) (4)

2.2 Identifiseer die tipe kondisionering in hierdie scenario wat Sipho se gedrag help vorm. (2)

2.3 Noem verskillende maniere van versterking of straf wat in die volgende stellings gebruik word wat sal help om Sipho se gedrag te verander.

2.3.1 Tuis word Sipho toegelaat om na sy gunsteling-televisieprogram te kyk nadat hy al sy tuiswerk gedoen het.

2.3.2 Sipho begin hom wangedra en ontwrig die klas. Die onderwyser gee hom 'n strafpunt.

2.3.3 Sipho se foon lui in die klas en mev Smith besluit om sy foon vir die res van die dag te konfiskeer.

(3 × 2) (6)

2.4 Sipho se ma kom agter dat Sipho geneig is om mev Smith se gedrag na te boots deur almal in die huis vir goeie gedrag te prys.

Hoe staan hierdie leerproses volgens Albert Bandura se teorie bekend? (2)

2.5 Bespreek VIER stappe in Bandura se sosialeleerteorie. (4 × 4) (16)

[30]

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

John is 'n student in jou klas wat 'n matig traumatiese breinbesering (TBB) het. TBB verwys na skade aan die brein wat veroorsaak word deur 'n besering wat die manier waarop die brein normaalweg werk, verander en 'n tydelike uitwerking op breinfunksie het.

3.1 Gee DRIE brokkies advies oor 'n gesonde dieet wat John kan volg om sy breinaktiwiteit te verbeter. (3 × 2) (6)

3.2 Noem VIER risikofaktore wat 'n mens se breinaktiwiteit kan beïnvloed. (4 × 2) (8)

3.3 Bespreek die verskillende kognitiewe prosesse wat ’n student help om inligting wat hulle ontvang te verstaan en te verwerk onder die volgende opskrifte:

3.3.1 Denke

3.3.2 Redenering

3.3.3 Probleemoplossing

(3 × 2) (6)

3.4 Hoe sou jy die rol van tydsbestuur en die uitwerking daarvan op menslike leer verduidelik? Gee DRIE punte. (3 × 2) (6)

3.5 Beskryf moontlike oplossings vir die volgende perseptuele probleme:

3.5.1 Visueel-perseptuele probleme as gevolg van bysiendheid

3.5.2 Ouditief-perseptuele probleme

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Pearl se onderwyser beskou haar as ’n natuurlike leier. Sy het ’n ingebore vermoë om aandag te trek en raakgesien te word. Sy het altyd goeie idees en weet hoe om mense aan te trek. Sy is ’n goeie voorbeeld om na te volg. Dit is waarom studente en onderwysers baie van haar hou.

4.1 Pearl het ’n aangename temperament, soos in die uittreksel aangedui.

Wat is die verskil tussen *persoonlikheid* en *temperament*? (2 × 2) (4)

4.2 Noem VIER persoonlikheidstrekke wat ons in Pearl sien op grond van die inligting wat in die uittreksel verskaf word. (4 × 2) (8)

4.3 Gee DRIE punte oor hoe jy ’n leerder in jou klas sal bestuur wat dieselfde persoonlikheidstrekke as Pearl openbaar. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.4 Identifiseer of die volgende stellings INTROVERTE of EKSTROVERTE individue beskryf.

4.4.1 Verskaf die uitwaarts gerigte energie wat benodig word om tot aksie oor te gaan.

4.4.2 Is responsief teenoor dit wat in die omgewing aangaan.

4.4.3 Het 'n natuurlike geneigdheid om alleen te dink en te werk.

4.4.4 Verskaf die inwaarts gerigte energie wat vir gefokusde besinning nodig is.

(4 × 1) (4)

4.5 Beskryf VIER eienskappe van 'n idealistiese student in die klaskamer. (4 × 2) (8) **[30]**

VRAAG 5

5.1 Definieer die konsep *sielkunde van leer.* (2)

5.2 Gee TWEE redes waarom iemand sielkunde van leer bestudeer. (2 × 2) (4)

5.3 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Me Thandi is 'n opvoedkundige sielkundige wat op onderwysgebied werk. Sy bestudeer hoe mense leer en kennis behou. Mense soos me Thandi pas sielkundige wetenskap toe om die leerproses te verbeter en opvoedkundige sukses vir alle studente te verseker.

5.3.1 Noem DRIE leerstyle wat deur me Thandi se leerders gebruik kan word. (3)

5.3.2 Wat is die DRIE onontbeerlike onderrigmetodes wat jy aan me Thandi kan voorstel om in haar klas te gebruik? (3 × 2) (6)

5.3.3 Bespreek EEN manier wat me Thandi kan toepas om haar leerders se eiewaarde te verbeter. (2)

5.3.4 Noem DRIE voorbeelde van e-leermateriaal wat me Thandi vir haar studente kan gebruik. (3)

[20]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou